Wes-Kaapse Regering
Onderwys

VERWYSING: 26038
13/5/R

NAVRAE: R Kemp **TEL.:** 021 467 9259 **FAKS:** 021 467 2996

OMSENDBRIEF : **0031/2014**
VERVALDATUM : **GEEN**

AAN: **ADJUNK-DIREKTEURS-GENERAAL, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, (HOOFKANTOOR EN ONDERWYSDISTRIKSKANTORE), ADJUNKDIREKTEURE, KRINGSPANBESTUURDERS, IBB-BESTUURDERS, HOOFDE: GLOO-KOÖRDINERING EN –ADVIES, DISTRIKSAMPTENARE, PRINSIPALE, SKOOLBEHEERLIGGAME, ONDERWYSERS EN LEERDERS VAN OPENBARE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE**

KORT OPSOMMING: *Gewysigde Stop Misbruik-protokol (2014) – Riglyne vir die bestuur van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortredings teen kinders*

ONDERWERP: **GEWYSIGDE STOP MISBRUIK-PROTOKOL (2014)**

1. Hierdie omsendbrief en protokol vervang Stop Misbruik-protokol (2001) en **Omsendbrief 0095/2002** in sy geheel.

2. Die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) en die Wysigingswet op die Strafreg, 2007 (Wet 32 van 2007), (Seksuele Oortredings en Verwante Aangeleenthede) stel dit duidelik dat onderwysers `n verpligting het om kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortredings teen kinders te rapporteer. Versuiming om dit ingevolge hierdie wetgewing aan te meld, is `n kriminele oortreding.

3. Aangesien onderwysers verpligte aanmelders van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele oortreding teen kinders is, het hulle `n belangrike rol in die identifisering en verwysing van sulke gevalle; vandaar die behoefte vir duidelike riglyne en prosedures in ooreenstemming met die bogenoemde wetgewing. Weens die nuwe ontwikkelinge in die Kinderwet en die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Oortredings en Verwante Aangeleenthede) en sy regulasies, is die Stop Misbruikprotokol (2001) aangepas om te voldoen aan die tersaaklike afdelings en regulasies.

4. Die Gewysigde Stop Misbruik-protokol (2014) is ontwikkel in samewerking en oorlegpleging met skoolmaatskaplike werkers en die hoofde van Gespesialiseerde Leerder- en Onderwyserondersteuning van die 8 distrikskantore, die Departement van Gesondheid, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Suid-Afrikaanse Polisiediens, Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, Nasionale Vervolgingsgesag, Wes-Kaap Onderwysdepartement, Departement van die Premier en die Provincial Gender Justice Forum wat die bogenoemde departemente verteenwoordig, asook die volgende organisasies / inrigtings: Mosaic, Kinderlyn, *Women Legal Centre, Law Resource Society, Cape Law Society*, Hulpbronne gemik op die voorkoming van kindermishandeling en –verwaarlosing (RAPCAN), Rape Crisis, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Wes-Kaapland, Anex: Mensehandel, Anex: Kinderarbeid en *Sex Workers Education and Advocacy Taskforce (SWEAT)*.

5. Om opvoedkundige inrigtings in die bestuur van kindermisbruik, doelbewuste verwaarlosing en seksuele ootredings teen kinders by te staan, is die Gewysigde Stop Misbruik-protokol (2014) aangeheg.

6. Die inhoud van hierdie omsendbrief en protokol moet onder die aandag van alle onderwysers, ander personellede, ouers, leerders en betrokke lede van die gemeenskap, gebring word.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2014:07:31

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
"*Abuse No More Protocol*" (grootte: 1 011 KB)

na bo

Maak omsendbrief toe **Close this Minute** **Byela emva**